NED GEREF GEMEENTE MEYERSPARK

Die Basuin

AFKONDIGINGS

SONDAG, 22 NOVEMBER 2020

SONDAGPROGRAM

09:00 Erediens - Ds Louis Brittz

18:00: **E-gesinsdiens**

Bid vir:

Martin Petzer (082 339 9782)

Susan van der Vyfer (083 277 7774) vir 'n oogprobleem.

Lorèza Muller (082 663 6166)

Annatjie van Tonder (012 803 6162).

Milly Linford (082 217 3794)

Alet Goosen - Paul en Willanna se dogter (083 453 3639)

Dries du Toit (082 353 9673)

Phil Botha (082 377 0824)

Innige meegevoel

† Stoffel Roets is oorlede

Die **Matrieks en leerlinge** wat besig is met die jaareind-eksamen .

Kom ons bid vir die situasie in Mosambiek. Daar is groepe met Islam (ISIS) bande wat besig is om verskriklike wreedhede daar te pleeg.

Kontak 'n leraar of Beryl by die kerkkantoor om sake vir voorbidding aan te meld.

BYBELSTUDIE: PSALMS

Ontvang prof Phil Botha se notas per WhatsApp of e-pos.

Om deel te neem, kontak gerus die kerkkantoor.

Sy vorige notas is beskikbaar by: https://ngmeyerspark.co.za/bybelstudie/

Verjaardae

80 Jaar en Ouer

Dinsdag 24/11
Sarah Uys **87** 082 879 9575

Woensdag 25/11
Ena De Wet **82** 012-803 8116

Saterdag 28/11
Gabrielle Taljaard **96** 012-803 9991

Ander

Sondag 22/11
Ansie Taylor 072 444 9932

Maandag 23/11
Freda Van Der Westhuizen 012-8039235
Mike Vorster 084 549 4966

Dinsdag 24/11
Elza Roux 083 310 3091

Woensdag 25/11
Mabel Malan 082 346 9420
Nadine Saayman 012-8036250

Donderdag 26/11
Rudéaan Koch 072 219 5614

Vrydag 27/11
Lizette Brill 084 878 8058

Saterdag 28/11
Salomon Van Der Wath 083 722 7159

Filippense 4:4:

Verbly julle altyd in die Here! Ek sê weer: Verbly julle!

Die 2020 geouditeurde finansiëlestate is vir die volgende 2 weke by die kerkkantoor beskikbaar vir enige lidmaat wat belangstel om daarna te kyk.

ANDER AKTIWITEITE

EREDIENSTE

Eredienste by Wilgers Aftreeoord
Dinsdag 24 Nov 2020
09:30-10:00 & 10:30-11:00 -
Ds Izak Liebenberg
Bespreek ***elke week*** vooraf.

Eredienste by kerk
Sondag 29 Nov 2020 Kerssangdiens
GEEN Gesinsdiens

AFSLUITINGSBYEENKOMS VAN SENIORBEDIENING

Daar is goedkeuring verleen dat die Seniorbediening hulle afsluitingsbyeenkoms op ***Woensdag 25/11/2020 om 10:00*** in die saal kan hou.

Daar word be-oog om ons tradisionele teelepelete by die byeenkoms te hou. Alle seniors wat hierdie ete in die verlede bygewoon het, weet dat hulle 'n dis moet saambring vir die gemeenskaplike tafel.

Die ete is gratis. Alle protokolle wat van toepassing is vir inperkingstyd, moet nagekom word. Haal die maskers net af net vir die ete! Laat weet asb as jy die byeenkoms gaan bywoon by die kerkkantoor óf Ben du Plessis-0829721887 óf Elsie du Toit-0824420535 óf Sally Fourie-

NGK Meyerspark Kersprogram 29 November 2020 09h00
Ons nooi elke gemeentelid uit na ons Kersprogram Sondag 29 November 2020 om 09h00, waartydens plaaslike talent vanuit ons gemeente asook Vocalise Fellowship Koor (o.l.v Wihan Rossouw) gaan optree.
Maak asb seker dat u sitplek bespreek is siende dat slegs 120 mense toegelaat word om die erediens by te woon volgens Covid 19 reels en riglyne.
Ons sien uit daarna om die erediens saam met U en ons plaaslike talent te geniet en om ons Skepper te loof en prys met musiek, voordrag en sang!

Kersvreugdefonds

Die Kersvreugdefonds is 'n paar jaar gelede begin om die vreugde van Kersfees te deel met hulpbehoewende gesinne en om hulle op 'n tasbare manier te ondersteun. Dit het 'n jaarlikse instelling geword om veral oor Kersfees, maar ook deur die jaar, te voorsien in behoeftes van persone en gesinne in nood.

Baie dankie vir u ondersteu-ning en bydrae deur die jaar. Die Versorgbediening kon met die bydraes namens die gemeente maandelikse kospakkies voorsien aan persone en gesinne wat hulpbehoewend is.

Die nood is regtig groot en daar is persone wat baie swaar kry. Wil jy dit nie biddend oorweeg om ons Kersvreugdefonds te ondersteun en iets van die vreugde van Kersfees met ander in nood te deel nie.

Jy kan op een van twee maniere 'n bydrae maak: 'n Kontant bydrae waarmee aankope gedoen word. Kontant bydraes kan in die kollektesakkies geplaas word of by die kerkkantoor ingehandig word. **Merk dit asseblief Kersvreugdefonds.**

Julle kan ook 'n **EFT** doen met verwysing **Kersvreugde.**

Nie-bederfbare produkte. **Vanaf 22 November tot aan die einde van Desember sal houers by die deure geplaas word waarin jy 'n bydrae van nie-bederfbare produkte kan plaas.**

Dit kan ook in die week by die kerkantoor ingedien word.

Kersmark

PLEK : NG KERK MEYERSPARK, 221 ERASMUS STR, MEYERSPARK
DATUM : 28 NOVEMBER 2020
TYD : VANAF 9 UUR TOT 1 UUR

KOM STAP DEUR ONS WINKEL IN DIE SAAL VIR AL JOU KERSINKOPIES. BRING ASB JOU EIE INKOPIESAK OF MANDJIE OM PROPVOL TE MAAK.

GESKENKE EN LEKKER BEDERF VIR DIE HELE GESIN.

KOEK, BESKUIT, HANDEWERK, WITOLIFANT, PLANTE, INGELEGTE BEDERFIES, BOEKE, KERRIE EN RYS

KAARTMASJIEN BESKIKBAAR &
WEES VERSEKER DAT ONS BY COVID REGULASIES HOU

WIT OLIFANTE

Die **KERSMARK** se Wit-olifanttafel is 'n bietjie anders. Vanjaar word dit 'n **Covidvry-witolifanttafel**!

Die artikels word op tafels uitgestal met die pryse daarop aangebring.
Jy stap verby, kies 'n artikel of twee, en betaal eers as jy die saal verlaat.

Ons wil **artikels "van waarde"** saniteer en uitstal en sodoende veilige items aanbied.

Bring asseblief artikels wat julle nog as **waardevol** reken, iets wat jyself gemaak het en nie meer benut nie, kinderspeelgoed wat nuwe eienaars soek, iets waarvoor jy nie meer pakplek het nie, ens. **As julle nog idees het, laat weet ons.**
Bring die artikels asb kerksaal toe in die week. As jy dit nie kan bring nie, skakel die kantoor by 012 803-1531 of vir **Dirk Loubser** by **083 311 9960**.

Ons vra vir Plante en dit kan afgelaai of gereël word met Magda vd Westhuizen
0847480958

Iets vir die week:
'n Nederige vuurhoutjie kan die ergste duisternis verdryf.
'n Nerderige stukkie getuienis kan die hardste hart versag.

TAFEL VIR SPENS BY KERSMARK

Die tafels wat aan die seniorbediening se spens by die Kersmark toegewys word, verlang gebottelde items wat vir verkoping daarop uitgestal kan word.

Voorlopig dankie aan al die bydraers. Skakel asseblief vir Suna Welgemoed - 0823759668 óf Corrie du Plessis - 0724938048

KOEK TAFEL

Ons vra groot asseblief bydraes vir hierdie tafel. Koek, koekies,tert,beskuit, brood,ens sal welkom wees.

Om Covid regulasies na te kom, moet alles vooraf verpak wees.

Baie dankie by voorbaat.
Skakel asseblief vir
Ina Mullins. 083 3446955

BOEKPAKKIE AS KERSGESKENK!

Wat is tog lekkerder as 'n boekpakkie as Kersgeskenk? Skenk gerus vir die boeketafel by die Kersmark 'n boek of ses of sewe wat jy reeds gelees het en nou op jou rak sit en stof vergaar. Ons maak boekpakkies op oor **enige onderwerp** onder die son.
Skenk gerus boeke vir **stiltetyd of 'n vakansie, 'n stokperdjie of die liefde, of 'n boek wat jou speurvernuf** toets – ons tower dit om in boekpakkies vir leesgenot.

TWEE VRIENDELIKE VERSOEKE –
Skenk asb **boeke van goeie gehalte** & skenk die boeke ASB **VOOR OF OP 15 NOV** (ons wil Covid geen vatkans gee nie!)
Handig die boeke in by die Kerkkantoor (08:00-13:00). Ons kan dit ook afhaal (skakel Hermien by **076 895 8855** om 'n reëling te tref).

By voorbaat dankie vir boeke en ondersteuning!

Kersmarkgroete!

Advertensies

Herstel van meubels
Ek herstel veral antieke meubels — vervang riempies, herstel barste en vervang pote wat afgebreek het.
Indien die meubelstuk nie te groot is nie, kan ek dit afhaal en terug neem. Baie dankie vir u ondersteuning tot dusver.

My naam is Elizabeth Brits tans woonagtig te Boschkop Pretoria.
Ek is 65jr oud geniet goeie gesondheid.
Opsoek na werk asTuisversorger van bejaarde persone.
Ek het 10 jr ondervinding met versorging van Alzeimer dame. Rolstoel en Bedleend.
Soek verkieslik inwoon werk as moontlik is.
cel 0764408033

Kontakbesonderhede
Ds Izak Liebenberg
083 407 7858
Wihan Rossouw 073 489 1414
Ds Louis Brittz 083 383 1262
Kerkkantoor:
012 803 1531 of
ngmeyerspark@absamail.co.za
Sosiale media:
https://www.facebook.com/NGMeyerspark
https://www.youtube.com/channel/UCOEk0KPYVGtwXcem9Dk79hg
https://twitter.com/ngmeyerspark
Besoek gerus ook ons webtuiste by
https://ngmeyerspark.co.za/